# RONDOM DIE APOSTOLAAT VAN DIE KERK

DIT is teken van die tyd dat daar dwarsoor die wêreld besorgdheid heers oor die toenemende agteruitgang van die invloed van die Kerk. Hier te lande en bepaaldelik in die Ned. Herv. Kerk is dit nie anders gesteld nie. Al openbaar die agteruitgang hom in die eerste plek nie in 'n sigbaar-sorgwekkende vermindering van die aantal lidmate van die Kerk nie, tog is dit onmiskenbaar duidelik dat die invloed van die Kerk oor die hele linie van die voklslewe verontrustend afneem. Die boodskap van die Kerk vermag klaarblyklik nie meer om die moderne mens te bereik nie.

Die feit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit nodig gevind het om 'n komitee te benoem om ondersoek in te stel na en te rapporteer oor bogenoemde aangeleenthede wil sekerlik nie impliseer dat die problematiek dienaangaande 'n ontdekking is van die jaar 1964 nie. Die Kerk is hom geruime tyd al hiervan bewus en het ook gepoog om daarop 'n antwoord te vind. Tog moet ons in die jaar 1964 teenoor onsself erken dat ons Kerk nog nie sover gekom het om tot die wortel van die saak deur te dring en riglyne vir die onderkenning en bekamping van die aangeleenthede te vind nie. Die Kerk sal willens en wetens oog moet kry vir die aanklag dat hy in die benadering van hierdie probleme al te passief en lam in die knieë was. Hierdie poging tot besinning moet daarom verwelkom word.

Nou wil hierdie rapport nie te kenne gee dat hy die laaste woord oor hierdie aangeleentheid sal spreek nie. Indien ons hiermee slegs daarin kan slaag om by wyse van inleiding die Kerk tot eerlike besinning en daadwerklike optrede te stimuleer, sal ons dankbaar wees. Met die oog hierop wil hierdie rapport so oorsigtelik moontlik wees. Daarom wil dit in die gesigsveld bring:

(1) Die huidige situasie waarin die Kerk sy roeping en taak moet vervul.

(2) Hoe die Kerk sy roeping en taak vervul het en nog vervul waaruit dan ook moet blyk of die Kerk in die uitvoering van sy opdrag geslaag het al dan nie.

(3) Indien die Kerk nie geslaag het nie, te vra na die oorsake van die terkortkominge.

(4) Om by die besef van die gebreke ons opnuut te verantwoord oor die Godgegewe roeping en taak van die Kerk in die wêreld .

(5) Om ten slotte van hieruit te bepaal hoe ons ons roeping en taak as Kerk van Christus vir die toekoms moet sien en vervul.

## 1. DIE HUIDIGE SITUASIE WAARIN DIE KERK SY ROEPING EN TAAK MOET VERVUL

By die besinning oor die huidige situasie waarin die Kerk sy taak moet vervul, is dit noodsaaklik om in gedagte te hou dat veral sedert die afgelope wêreldoorlog ons land 'n sterk industriële karakter verkry het. Dit het enersyds 'n volksverhuising van die platteland na die stede meegebring en andersyds die lewensuitkyk van ons lidmate ingrypend verander. Vanweë die tegniese omwenteling het toestande ontwikkel wat 'n ander benaderingswyse noodsaaklik gemaak het maar waarvoor ons Kerk óf die oë gesluit het óf nie tot die volle begrip en hantering in staat was nie. Ons het voortgegaan met ons ou beproefde metodes wat veral op agrariese omstandighede gebasseer was maar wat vir die nuwe situasie heeltemal ontoereikend was.

Verder moet ook bedink word dat as gevolg van die verwarring, armoede en ellende aan die einde van die vorige eeu en die begin van hierdie eeu ons Kerk so besig was met opbou en konsolidasie dat hy nouliks oor die tyd, middele en werkkragte beskik het om die veranderde situasies die hoof te bied.

Op hierdie twee sake kom ons later weer terug. Ons noem dit slegs hier omdat dit van die belangrikste oorsake is waarom lidmate van ons Kerk vir ons verlore gaan. Dat baie lidmate uit ons hande gly, kan nie betwyfel word nie. 'n Vergelyking van die Staats- en kerklike sensusopgawes sal dit illustreer. Oppervlakkig beskou lyk dit of die groei van die Kerk normaal en selfs bevredigend was, maar by nadere ondersoek, berekening en ontleding van die gegewens tree verontrustende resultate aan die lig. Die berekeninge en bevindings word gebasseer op die statistiese gegewens van 1946 tot 1960 omdat die Staatsopgawes oor hierdie tydperk betreklike volledige gegewens bied wat 'n sinvolle vergelyking met die opgawes van die Kerk moontlik maak. Ons kan hier net opmerk dat die Staatsopgawes van 1951 veral met betrekking tot die drie Afrikaanse Kerke deur die Dept. van Sensus en Statistiek sterk bevraagteken word omdat dit in vergelyking met die gegewens van 1946 en 1960 erg afwykende resultate bied.

### A. DIE GROEI VAN ONS KERK :

1. **Vergelyking van Staats- en Kerklike Opgawes** (1946/60):

Sien tabel 1 aangeheg.

(a) Volgens die Staatsensus groei die lidmatetal van ons Kerk van 126,74 in 1946 tot 190,342 in 1960. Dit beteken 'n groei

van 63,368 of gemiddeld 4,526 (2.8%) per jaar.

(b) Volgens die kerklike opgawes groei die lidmatetal oor hierdie tydperk van 100,782 tot 147,871, d.w.s. 'n vermeerdering van 47,089 of gemiddeld 3,363 (2.3%) per jaar. Dit dien opgemerk te word dat by hierdie lidmatetal ook die lidmate (4,804) van ons Kerk buite die Republiek ingesluit is.

(c) Volgens berekening van die lidmatetal (sien tabel 2) blyk dit dat die groei van 1946 tot 1960 78,585 moes gewees het, dit wil sê gemiddeld 5,613 per jaar.

(d) Volgens 'n berekening (sien tabel 3) van die aantal belydende lidmate van ons Kerk, moes die groei oor hierdie tydperk 51,765 gewees het. Die kerklike opgawes toon 'n groei van slegs 29,382. Daar het dus 22,383 belydende lidmate weggeraak. Dit beteken gemiddeld 1,599 per jaar of ongeveer 3 gemeentes.

2. **Ouderdomsgroepering (tabel 4):**

Die Staatsensus maak ook 'n indeling volgens ouderdomme Daaruit blyk:

(a) dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in vergelyking met die twee ander Afrikaanse Kerke proporsioneel die meeste kinders en jongmense het, naamlik 47.4% van die totaal teenoor 43.4% van die N.G. en 44.4% van die Geref. Kerke.

(b) Dat die kerkgroep met proporsioneel die meeste kinders en jongmense die Apostoliese genootskappe is met 51.4% van die totaal.

(c) Dat die Roomskatolieke Kerk proporsioneel minder kinders en jongmense maar meer middeljarige en ou mense het.

3. **Streeksindeling:**

Die Staat deel die hele land in in ekonomiese landdrosdistrikte en gee aan die hand daarvan 'n beeld van die verspreiding van die lidmate van die Kerk oor die hele land. Daar is 51 streke en slegs in twee van hierdie streke is daar geen lidmate van ons Kerk nie.

Hierdie streeksindeling is ook provinsiaal gemaak en as ons nou hierdie gegewens vergelyk met ons ringsindelinge wat nagenoeg ook provinsiaal gemaak is en nadat die nodige aanpassings gemaak is, dan tree opsienbare feite aan die lig :

(a) **Kaapprovinsie:**

Volgens die Staatsensus van 1960 is daar 8,033 lidmate van die Kerk in hierdie provinsie. Die kerkl ke opgawes vermeld in die Ring van Kaapland slegs 2,204 lidmate. Nou moet ons egter in gedagte hou dat die gemeentes in hierdie provinsie noord van die Oranjerivier ingedeel is by die Ringe van Potchefstroom en 1,409 by die Ring van Zeerust. In hierdie streke vermeld die Staatsopgawes 2,506 lidmate. In die gebied suid van die Oranje is daar volgens die staat dus, 5,527 lidmate van ons Kerk. Hieruit blyk nou:

(i) dat daar in die Ring van Kaapland 3,323 lidmate is waarvan die Kerk nie weet nie,

(ii) dat daar in die streke noord van die Oranje 477 lidmate is waarvan die Kerk nie weet nie en

(iii) dat in die hele Kaapprovinsie daar dus 3,800 lidmate is waarvan die Kerk nie weet nie.

Maak ons nou ten opsigte van die ander provinsies soortgelyke aanpassings en berekeninge, dan vind ons dat

(b) in die Oranje-Vrystaat 3,554,

(c) in Natal 2,627 en

(d) in Transvaal 37,509 lidmate is waarvan die Kerk nie weet nie.

In enkele ringe in Transvaal waar 'n vergelyking van die opgawes enigsinds moontlik is, sien dit as volg daar daar uit:

In die Ring van Pretoria is daar 6,146, in die Ring van Johannesburg 4,042, in die Ring van Germiston 7,584 en in die Ring van Krugersdorp 3,064 lidmate waarvan die Kerk nie weet nie.

**Gevolgtrekkings:**

Hoewel ons daarvan bewus is dat statistieke baie wetenswaardighede aan die lig bring terwyl dit die essensiële verberg, openbaar bostaande tog baie duidelik enkele onmiskenbare feite, naamlik:

(1) Die Kerk se sensusopnames en opgawes is geheel-en-al onvolledig en ontoereikend.

(2) In ons midde is daar so baie lidmate wat, omdat hulle nie deur die sielsorg van die Kerk bereik word nie, voor-

werpe word vir sektariese proselietemakery of hulle gewoonweg bevind op die pad wat uiteindelik uitloop op totale vervreemding.

(3) Dit wil voorkom of daar in die minder digbevolkte streke van veral die Kaapprovinsie en Oranje-Vrystaat baie lidmate van ons Kerk woon wat van die voorreg van kerklike bearbeiding verstoke is.

(4) Die indeling volgens ouderdom dring die vraag baie sterk na vore of die nagenoeg 50% van die lidmate van ons Kerk, naamlik die jeug, die nodige aandag en bearbeiding geniet?

## B. DIE GROEI VAN DIE VOLK :

### 1. Natuurlike Aanwas:

Volgens die Staatopgawes het die blanke bevolking van die Republiek gegroei van 2,372,044 in 1946 tot 3,088,492 in 1960. Dit is 'n vermeerdering van 716,448 of 1.9% gemiddeld per jaar. Direk na die oorlog het die groeitempo baie versnel maar sedertdien het dit weer afgeneem. Van 1946 tot 1951 was die volksgroei 2.18% en van 1951 tot 1960 was dit slegs 1.69%. In 1946 is daar geen huistaal-indeling gemaak nie sodat berekening vanaf daardie jaar onmoontlik is. In 1951 het 39.3% van die blanke bevolking Engels gepraat en was 57% Afrikaanssprekend. Ondanks die invloed van immigrasie het Afrikaans dus sy posisie gesond en positief gehandhaaf.

Die natuurlike aanwas van die volk was van 1946 tot 1960 nagenoeg 643,000. Deur middel van immigrasie het ons land 'n wins van ongeveer 90,000 gehad. Maar van die immigrante het 'n gedeelte weer ge-emigreer en later weer teruggekom. Hier het dus duplisering plaasgevind sodat ons hierdie syfer op ongeveer 75,000 kan stel.

(a) **Binnekerklik:** In 1960 het 1,618,156 tot die drie Afrikaanse 787,213 tot die vier Engelse kerke, 33,631 tot die Lutherse kerk, 192,799 tot die Roomskatolieke kerk, 107,700 tot die Apostoliese genootskappe, 116,098 tot ander Christelike sektes, 116,066 tot die Joodse Kerk en 66,829 tot nie-Christelike sektes, geen kerk en ongespesifiseerd behoort. Tot die Christelike sektes behoort in totaal 273,798. As ons nou aanneem dat die lidmate van die drie Afrikaanse Kerke byna 100% Afrikaanssprekend is, dan bevind ons dat 172,832 Afrikaanssprekendes nie tot die genoemde drie kerke behoort nie. Hoewel ons

daarvan bewus is dat daar ook baie Afrikaanssprekendes aan die Engelse kerke behoort, kan ons met 'n redelike mate van sekerheid aanneem dat die grootste gedeelte van daardie 172,832 aan die sektes behoort.

(b) **Buitekerklik:** Hierbo het ons genoem dat 66,829 van ons blanke bevolking aan óf nie-Christelike sektes óf geen Kerk behoort nie óf nie gespesifiseer het aan welke kerk hulle behoort nie. Nadere ondersoek het getoon dat ongeveer 44,000 hoegenaamd geen kerklike verbondenheid het nie. Oppervlakkig beskou wil dit dus voorkom asof ons niks te bekommer het oor 'n buitekerklike vraagstuk nie. Ons moet egter daarop let dat hierdie groep gegroei het van 24,000 in 1946 tot 44,000 in 1960 en dit is geen geringe versnelling in die groeitempo nie. Nou kan ons ook verder betoog dat hierdie snelle groei toegeskrywe moet word aan immigrasie. Dit is tot 'n groot mate ook waar as ons bedink dat net van die Hollandse immigrante alleen 20% buitekerklik is.

So maklik laat hierdie saak hom egter nie afmaak nie. Die verskynsel van buitekerklikheid het ook ander fasette wat nooit uit die statistiese opgawes van veral die Staat sal blyk nie en wat gewoonlik ook nie raakgesien word nie. Die Kerkwet (Hoofstuk 4, artikel 3, bladsy 27) is hom onder die hoof van buitekerklikes bewus van twee kategorieë, naamlik die onkerklikes en die wat van die Kerk vervreemd is. Hierdie twee kategorieë kan ons as volg omskrywe:

**Kategorie A** (die wat van die Kerk vervreemd is) is diegene wat formeel nog aan die Kerk behoort, wat gedoop is selfs belydenis van die geloof afgelê het maar wat nie meer deel het aan die dienswerk van die Kerk nie.

**Kategorie B** (die onkerklikes) is diegene wat heeltemal vervreemd is van God en Sy Woord en ook diegene wat nooit aan die Kerk behoort het nie.

Dis 'n verskynsel enersyds van post-Christelike heidendom en andersyds van heidendom in die gewone sin van die woord. Uit gesprekke met amptenare van die Departement van Sensus en Statistiek het ook geblyk dat hulle deeglik daarvan bewus is dat mense wat in die verre verlede net die geringste kerklike verbintenis gehad het, nog daarop gesteld is om in die sensusopgawes geoormerk te word as lidmate van die Kerk. Daarom kan ons met alle reg aanneem dat die syfer van 44,000 hoegenaamd geen reële syfer is nie.

(i) **Die Kerklike vervreemdes (Kategorie A):**

Hierdie mense kom in die gesigsveld omdat hulle in 'n voorstadium tot die eintlike buitekerklikheid staan. Hulle is wel nog na die uiterlike, formeel binnekerklik, maar is reeds op pad na die buitekerklikheid. Hierdie voorstadium doen hom voor in verskillende grade van onsekerheid. Daar is diegene wat selde of ooit die eredienste bywoon en hulle dankoffers nie gee nie maar wat darem wil hê dat hulle kinders gedoop moet word, dat hulle huwelike of die van hulle kinders kerklik bevestig word en dat hulle as hulle hul kerklose loopbaan hier op aarde geloop het, vanuit die kerk begrawe moet word. Daar is die ander wat baie sporadies die eredienste bywoon, so af en toe deel het aan die sakrmaente en darem ook 'n „bydrae" vir so 'n goeie saak soos die Kerk gee maar wat verder deur die Kerk met rus gelaat wil word. Merkwaardig is dit dat 'n hoë persentasie van hierdie onkerkses redelik daarop gesteld is dat hulle kerklike „bydrae" gereeld in ontvangs geneem moet word sonder dat hulle verder enige belang het by die lewe en werk van die Kerk. Die vraag is: Het hulle nog 'n behoefte om die band met die Kerk te behou vanuit geloofsoorwegings of is dit bloot 'n kwessie om in die tyd van nood die reg op aanspraak op die diens van die Kerk voor te behou of is dit net vanuit die waan dat hulle so hulle saligheid kan koop?

Ter toeligting van hierdie grade van onkerksheid verwys ons na gegewens wat dr. J. I. de Wet in sy doktorale verhandeling noem, naamlik:

1. Dat die gemiddelde kerkbseoek by 'n reeks gemeentes aan die Rand vir twee eredienste per Sondag 19% bedra.
2. Dat die gemiddelde bywoning van die Nagmaalsgeleenthede 36% bedra.
3. Dat slegs 2% van die kinders van die lidmate wat eenmaal belydenis van die geloof gedoen het, nie gedoop word nie.
4. Dat volgens skatting ongeveer 61% van die ouers wat die doopsbelofte afgelê het, nie die gewone eredienste bywoon nie en dat 'n verdere 20% van die res die eredienste slegs sporadies bywoon.

Die Raad vir Arbeid onder Buitekerklikes het 'n poging aangewend om die omvang van die probleem van buitekerklikes te bepaal en het 'n vraelys aan die gemeentes gestuur om vol-

tooi te word. Hierdie poging het nie geslaag nie omdat slegs ongeveer 1/3 van die gemeentes gereageer het. Hieruit het egter geblyk dat daar 1,565 gesinne is wat die eredienste glad-nie besoek nie, dat 5,137 gesinne die eredienste sporadies besoek en dat 2,452 kinders tussen 6 en 16 jaar nóg die Sondag-skool nóg die katkisasieklasse bywoon.

As ons hierdie gegewens in gedagte hou, dan wil dit voorkom asof die prentjie wat deur die gegewens van dr. de Wet geskilder word, nog ietwat optimisties is. Toestande is selfs nog erger. Hoe ontstellend hierdie feite ookal mag wees, dit staan tog vas dat hierdie onkerkses darem nog 'n band het met die Kerk en kan deur die organe van dienswerk nog bereik word. Dit groot tragiek is egter dat die negatiewe optrede van hierdie lidmate ten opsigte van die aanvaarding van die verantwoordelikheid van hulle lidmaatskap deur die Kerk in sy ampsbedieninge al te dikwels met 'n nog groter negatiewe optrede beantwoord word. Daarom wil ons dit hier met alle klem stel dat hierdie toedrag van sake hoofsaaklik toegeskrywe kan word aan tekortkominge in die pastorale sorg van die Kerk. Ons Kerk moet die hand in eie boesem steek en tot die besef ontwaak dat sy pastoraat in 'n groot mate gefaal het.

**(ii) Die Onkerklikes (kategorie B):**

Die Kerk sit vandag gekonfronteer met 'n verskynsel wat ons 'n moderne wit heidendom kan noem. Dit is 'n sosiale grootheid wat 'n gestalte van heidendom vertoon insoverre as wat hulle totaal vervreem is van God en Sy Woord. Hierdie verskynsel openbaar 'n totale a-religieuse houding. Hierdie verskynsel het, wat ons land betref, twee fasette. Die eerste faset is die een wat hoofsaaklik uit ons volk gegroei het, naamlik die mense wat nie heidene in die gewone sin van die woord is nie. Hulle kom miskien uit Christelike huise, het moontlik selfs in die Kerk grootgeword, maar het hulle gewoonweg gaan distansieer van die Evangelie en die lewe en dienswerk van die Kerk. Die ander faset is die ene wat hoofsaaklik na vore tree by die buitekerklike immigrante, naamlik die mense wat van huisuit heidene is. Hulle het nog nooit enige kerklike verbondenheid gehad nie.

Hierdie mense kan nie meer deur die normale organe van kerklike dienswerk bereik word nie. Hulle is voorwerpe van bearbeiding in die Apostolaat van die Kerk, dit wil sê as die Kerk na hulle uitgaan moet dit puur en simpel 'n sending-

aksie wees. En dan moet ons van meet af aan daarop bedag wees om nie vir hulle die Kerk te wil aanbied nie maar Jesus Christus as enigste hoop van die wêreld.

(c) **Die Sektewese :**

Die sektewese is ook 'n gestalte van buitekerklikheid maar van 'n heel ander aard. In ons benadering van die sektewese sal ons dit ook altyd in gedagte moet hou, Vanuit die standpunt van die Kerk gesien is hulle buitekerklik, tog is hulle nie vervreemd van die Evangelie nie. Hier het ons dus te doen met 'n gestalte van dwaal- en wangeloof waarteenoor die Kerk in sy Apostolaat moet getuig.

Dit is algemene kennis dat ons in die midde van ons volk 'n duisternis van sektegroepe huisves. Volgens die Staatsopgawes van 1960 het 273,798 tot die verskillende sektes behoort. Dit verteenwoordig 8.9% van die totale bevolking terwyl die Nederduitsch Hervormde Kerk slegs 6.1% verteenwoordig. Veral gedurende die na-oorlogse jare het hulle skerp in getalle toegeneem. 'n Verontrustende feit wat uit die Staatsopgawes blyk is dat die Apostoliese genootskappe proporsioneel die grootste aantal kinders en jongmense onder 19 jaar het, naamlik 51.4% in vergelyking met 47.4% van die Ned. Hervormde Kerk, 43.4% van die N.G. Kerk en 44.4% van die Geref. Kerk. Daarteenoor het hulle veel minder middeljariges en oumense as die Ned. Herv. Kerk wat op sy beurt proporsioneel van die drie Afrikaanse Kerke die laagste persentasie het, naamlik 21.3% van bo 40 jaar in vergelyking met die 25% van die Ned. Geref. Kerk. Dit bewys weer dat die skerp groei van die sektewese toegeskryf moet word aan die proselietemakery ten koste van die Kerk.

Die Kerk sal willens en wetens die feit onder die oë moet sien dat die sektewese die slegte skuld van die Kerk is. Die sektewese rig die felle aanklag teen die Kerk dat hy in sy pastoraat en veral in sy kategetiese onderrig tekort geskiet het.

2. **Immigrasie**

(a) **Die Afrika-immigrante:**

Gedurende die afgelope jare het daar 'n merkwaardige verskuiwing van duisende blankes vanuit midde-Afrika plaasgevind. Vanaf 1946 tot 1960 het die Republiek 'n verlies getoon van 79,411 teenoor die Afrikalande. Maar sedertdien het die prentjie totaal verander, soveel so dat ons land gedurende 1961

en 1962 'n wins van 12,119 aangeteken het. Gedurende die eerste ses maande van 1963 het daar soveel as 7,437 uit die Rhodesiës en Kenia die land binnegekom. Die Staatsopgawes maak geen taalindeling nie maar ons kan aanneem dat die meerderheid Afrikaanssprekend is. Hoewel die aanpassing vir baie miskien moeilik is, mag ons met vertroue aanneem dat die lidmate van ons Kerk onder hulle hier in ons gemeentes opgeneem is.

Met dankbaarheid wil ons melding maak van ons Kerk se reuse-aandeel in die verskuiwing, vestiging en kerklike versorging van die immigrante uit Angola. Oor die res van die Afrika-immigrante handel ons later.

(b) **Europese immigrante:**

(i) **Engelssprekendes:** Die grootste getal immigrante wat ons land binnekom, is afkomstig van die Verenigde Koninkryk. Vanaf 1946 tot 1960 het ons land 'n wins van 89,971 gehad. Volgens skatting van die Departement van Immigrasie is ongeveer 80% protestants maar ons kan met sekerheid aanneem dat 'n groot aantal buitekerklik of kerklik onverskillig is.

(ii) Van die vasteland van Europa het ons 'n wins getoon van 76,956. Van die totaal wat oor die tydperk 1946 tot 1960 die land binnegekom het, was 31,416 Hollanders, 19,382 Duitsers, 15,052 Italianers, 3,430 Skandinawiërs en 14,052 van die res van Europa. Geen geloofsopgawe word gegee nie maar volgens skatting van die Departement van Immigrasie is die verhouding Protestant/Roomskatoliek sorgwekkend. Van die Hollanders is ongeveer 50% Rooms, 30% Protestants en 20% buitekerklik. Die Duitsers en Skandinawiërs is oorwegend Protestants, die Switsers is om die helfte en die res is oorwegend Rooms en in minder mate Grieks Ortodoks. Ons kan hier net meld dat die Engelssprekende Afrika-immigrant oorwegend Protestants is.

(c) **Die Roomskatolisisme:**

Uit die opgawes van die Staat blyk dat die Roomskatolieke Kerk hier te lande 'n sneller groeitempo handhaaf as die Ned. Hervormde Kerk. Vanaf 1946 tot 1960 het hy van 117,890 gegroei tot 192,799 terwyl ons Kerk gegroei het van 126,974 tot 190,342. Hierdie snelle groei moet natuurlik veral toegeskrywe word aan immigrasie want uit die ouderdomsgroep-

indeling blyk dat die natuurlike aanwas van die Roomskatolieke Kerk laer is as dié van ons Kerk.

Ons Kerk moet deeglik daarvan bewus wees dat van die kant van die Roomskatolieke Kerk daar 'n toenemende toespitsing is op die Afrikaanssprekendes. Deur hulle blad **Die Brug** word op subtiele en oordrewe simpatieke wyse steeds toenadering gesoek. Daar gaan verder ook 'n geweldige invloed uit van hulle kloosterskole, hospitale, konservatoria, kraaminrigtings en welsynswerk. Die bywoning van hulle skole deur kinders van ons lidmate is wel deur die optrede van ons Kerk beperk. Die beweerde uitmuntende verpleging in hulle hospitale en kraaminrigtings stem egter ons mense baie simpatiek. Teen wil en dank moet geneeshere hulle pasiënte daarheen stuur omdat daar nie genoegsame fasiliteite is vir kraamverpleging nie.

## 2. HOE DIE KERK SY TAAK VERRIG HET EN NOG VERVUL:

Tot hiertoe het ons 'n feitlike weergawe probeer gee van die situasie waarin ons Kerk sy taak moet vervul. Vanself volg nou die vraag: Hoe het die Kerk sy taak tot nou toe verrig beide op die binne- en buitekerklike vlak, dit wil sê hoe het die Kerk sy Pastoraat en Apostolaat vervul?

### A. BINNEKERKLIKE TAAKVULLING:

Hier kom ter sprake die Pastoraat van die Kerk, dit wil sê daardie werk wat die Kerk verrig het deur die organe van dienswerk. Die Kerkwet (Art. V, bl. 2) omskrywe dit soos volg: „Om die roeping van en die opdrag aan die Kerk van Christusweë te vervul en om in die verskeidenheid van dienste te voorsien, is daar die volgende drie ampte: die van die dienaars van die Woord, die van die ouderlinge en die van die diakens". In gehoorsaamheid aan Ef. 4:11 moet die Kerk sy ampsbedieninge vervul „om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die Liggaam van Christus". Die Kerkwet omskrywe vervolgens ook die dienste wat aan elke amp verbonde is. En nou kan ons seker met alle beslistheid sê dat hierdie onderskeie ampte en die dienste wat aan elkeen verbonde is formeel nog altyd in ons Kerk in stand gehou is. Die vraag is: Het hierdie ampte ook na die inhoud ten volle tot hulle reg gekom? Hierop kan ons ongelukkig nie sondermeer bevestigend antwoord nie.

1. **Die amp van die dienaars van die Woord:**

Dit is eie aan die geskiedenis van ons Kerk dat daar altyd 'n geweldige tekort aan predikante was. In 1904 was een predikant verantwoordelik vir 3.5 gemeentes en eers in 1951 het hierdie toestand so verbeter dat een predikant vir 1.4 gemeentes verantwoordelik was. Maar sedertdien het dit alweer versleg want volgens die aantal gemeentes en diensdoende predikante is elke een predikant in 1963 verantwoordelik vir 1.6 gemeentes. In 1963 was daar 5 gemeentes met 'n ledetal van meer as 1,000 belydende lidmate waarvoor net een predikant verantwoordelik was. Sedertdien het drie van hierdie gemeentes die dienste van 'n tweede predikant bekom. Daar is egter nog 27 gemeentes waar een predikant verantwoordelik is vir 750-plus belydende lidmate.

Hoewel ons beskikbare werkkragte steeds die prediking van Gods Woord, die bediening van die Sakramente, die diens van die gebede ens. beide in eie en in konsulentsgemeentes so gereeld moontlik laat voortgaan het, moes die sielsorg en ook die kategetiese onderrig daaronder ly. Huisbesoek het in hierdie omstandighede tot 'n groot mate ontaard in sosiale besoekies, veral omdat die predikant hierin gebind is aan die voorskrif van die Kerkwet dat hy minstens eenkeer per jaar by elke gesin huisbesoek moet doen. Van toegespitste nasorgwerk was daar eintlik nie sprake nie. Omdat die predikant se aandag dikwels tussen twee of meer gemeentes verdeel was kon sy kategetiese onderrig ook nooit onafgebroke en doelgerig geskied nie. Hierdie tekort aan predikante het ook veroorsaak dat daar nie gereeld in ons gemeentes eredienste gehou kon word nie en dit het meegebring dat ons lidmate geleidelik Doop- en Nagmaalmense geword het terwyl die eredienste al minder bygewoon is. Hoewel die tekort aan predikante algaande verbeter het, het die verskynsel van swakker besoek al erger geword soos ook duidelik blyk uit die gegewens wat dr. de Wet aanhaal, waaruit hy aantoon dat daar tot op hierdie dag by ons lidmate 'n duidelik-waarneembare rangorde van Doop, Nagmaal en Erediens aanwesig is. Vroeër kon ons dit nog wyt aan faktore soos groot afstande en ontoereikende verkeermiddels. Die verdwyning van hierdie faktore het egter geen verbetering gebring nie. Trouens, dit het skering en inslag by ons lidmate geword tot so 'n mate dat die persentasie van geleentheidskerkbesoekers al groter word.

2. **Die Ouderlingamp :**

Met groot erkentlikheid wil ons melding maak van die uitstaande diens wat daar deur so baie ouderlinge in ons Kerk verrig is, veral gedurende al daardie jare van die geweldige tekort aan predikante. Maar namate die predikantetal toegeneem het, het die verskynsel hom vertoon dat die ouderlingsamp teruggedring is en nie meer tot sy volle reg gekom het nie. Miskien was die prdeikante deels ook daarvoor verantwoordelik, tog meen ons dat dit veral aan twee faktore toegeskryf kan word, naamlik:

(i) dat die ouderling homself nie opgewasse gevoel het om konsekwent en in elke situasie as goedonderlegde regeerder en opsiener homself te handhaaf nie, en

(ii) dat die gemeentelede self in 'n toenemende mate die ouderling in sy ampswerk misken en oor die hoof gesien het.

Een van die grootste node van ons Kerk vandag is die feit dat ons ouderlingsamp nie ten volle tot sy reg kom nie. 'n Ouderling moet na twee kante ken: hy moet sy wykslidmate ken en hy moet die Woord van God ken om dit te laat spreek in elke situasie waarin sy wykslidmate hulle bevind. Beskik ons ouderlinge oor die kennis van Gods Woord en die Kerk se belydenis en het hulle 'n duidelike begrip van die inhoud, doel en pretensies van hulle amp om dit te bedien soos van 'n opsiener in die gemeente verwag kan word?

3. **Die Diakensamp:**

Hierdie amp het in ons Kerk formeel hoofsaaklik tot sy reg gekom. Veral in die tyd van armoede en opbou het hierdie broeders met ywer en toewyding pal gestaan. Maar die voortdurende worsteling om die nodige middele te bekom, het ongelukkig ook 'n aksentverskuiwing to tgevolg gehad waardeur die diaken algaande meer gesien is as 'n kollektant by uitnemendheid en die diens van die barmhartigheid met vertroostinge uit die Woord van God almeer op di eagtergrond geskuiwe is.

4. **Organe van Bystand:**

By die organe van dienswerk het die Kerk op verskillende lewensterreine, waar omstandighede dit vereis het, organe van bystand in die lewe geroep om te besin oor die probleme op

hulle besondere gebied en die Kerk van voorligting te bedien. So het ons bv. die Ondersteuningsraad, die Raad vir Jeugwerk, die Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis, die Raad vir Arbeid onder die Buitekerklikes, ens. Ongelukkig kan nie van al hierdie organe van bystand getuig word dat hulle baie sukses gehad het nie. Aan die ander kant sal meeste van hierdie Rade kan getuig dat hulle in die uitvoering van hulle opdragte al te dikwels gestuit het op dwarsboming, openlike teenstand, gebrek aan samewerking ens. van die kant van die gemeentes. Een feit staan egter vas dat daar langs hierdie weg baie studiewerk verrig is waarvan 'n geringe deel die gemeentelede bereik het en dit wat wel deurgestuur is, se trefkrag is verydel omdat dit by die kerkrade doodgeloop het.

## B. BUITEKERKLIKE TAAKVERVULLING:

### 1. Ten opsigte van ons volksgenote:

Die Kerk van Christus en daarom ook die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sal altyd 'n roeping en taak hê teenoor die wat buite staan. Immers daarvoor is hy Kerk soos hy as Apostel, as getuie van Christusweë na buite sal tree. Maar ons Kerk het in sy stryd om voortbestaan binnekerklik so besig gebly dat hy haas nie tyd gehad het vir die nood daarbuite nie. Nie net het ons uitgegaan nie, maar sienderoë het daar in ons midde 'n gestalte van post-Christelike heidendom sy ontstaan gevind. Dit is nie baie lank gelede nie dat hierdie ernstige toestand tot ons deurgedring het. Toe het die Kerk organe van bystand in die lewe geroep om op hulle verskillende gebiede te besin en die Kerk van voorligting te bedien, naamlik:

(a) Die Raad vir Arbeid onder die Buitekerklikes,

(b) die Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis, en

(c) die Raad vir die Arbeid onder Israel.

As ons die volume van die sektewese in gedagte hou, dan behoort daar ook al 'n orgaan van bystand in hierdie rigting te gewees het.

#### (a) Die Raad vir Buitekerklikes:

Die taak van hierdie Raad is in die Kerkwet omskrywe. Hierdie Raad het egter ook nie hierdie hele probleem deurwrog nie en kon daarom nog nie die Kerk voorlig oor die beste wyse om die buitekerklikes te bereik nie. Dit wil nou nie sê dat hierdie Raad niks gedoen het nie. Die afgelope

drie jaar het hy hom besig gehou met twee belangrike fasette van hierdie probleem, naamlik die swak kerkbesoek van ons lidmate en die bearbeiding van die immigrante. Maar dan het die probleem van hulle wat buite staan nog eintlik nie onder visier gekom nie. Die feit kan daarom net hier gekonstateer word dat die arbeid van hierdie Raad vir die Kerk in sy poging om hierdie arbeidsveld met begrip en doelgerigtheid te betree, nog nie veel gebied het nie.

**(b) Die Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis:**

Die taak van hierdie Raad is na twee kante gerig, naamlik na binne om ons lidmate van die nodige kennis, insig en riglyne te voorsien om hulle Protestantse erfenis suiwer te bewaar en na buite in soverre as wat hy die Kerk moet voorlig oor 'n gespreksmoontlikheid met Rome. Hierdie gespreksmoontlikheid moet gesoek word juis omdat in vraag 80 van die Heidelbergse Kategismus die Roomskatolieke Kerk 'n vervloekte afgodery genoem word. Hierdie gespreksmoontlikheid moet egter gesoek word sonder die tendense wat vandag opval dat die skerp afgrensinge in die yskas gesit word solank op ekumeniese vlak kontak gemaak kan word.

Deur rapporte is die Kerk steeds op hoogte gehou van die bedreiging van Rome en kon en het die Kerk ook maatreëls getref om dit die hoof te bied. Desondanks heers daar 'n groot mate van onkunde by ons lidmate ten opsigte van die leerstellings en subtiele beïnvloeding van die Roomses. Die tragiese gebeurtenis dat 'n lid van die Koningshuis van Nederland tot die Roomse geloof oorgegaan het, moet vir ons 'n ernstige waarskuwing wees teen die subtiele oorredingskrag van die Roomses.

**(c) Die Raad vir Arbeid onder Israel:**

Moet ons aanvaar dat die Kerk tot nou toe nie veel verder gevorder het met hierdie probleem as net om 'n Raad te benoem wat daarmee besig is nie?

**2. Bearbeiding van die Immigrante:**

**(a) Hollandse Immigrante :**

**(i) Maatskappy vir Europese Immigrasie:**

Ons Kerk speel 'n belangrike rol in die aktiwiteite van hierdie liggaam. Deur middel van streekskantore in die groot sentra van ons land word gesorg vir huisvesting, vir inskakeling

in die Kerk, maatskappy en volkslewe. Ons het groot waardering vir die werk van die Maatskappy. In belang van die immigrante in die algemeen is hulle werk baie vrugbaar maar of hierdie arbeid vir ons Kerk baie vrugte afwerp, moet betwyfel word, Die ondervinding het geleer dat immigrante wat 'n lewende verbondenheid met die Kerk in die land van hulle herkoms gehad het, heel maklik inskakel by ons gemeentes. In Pretoria het ons egter die verskynsel dat wat deur die streekskomitee, naamlik die P.I.K. positief bereik word prakties ongedaan gemaak word deur die optrede van 'n amptenaar van die Nederlandse Ambassade wat nou amptelik hulpprediker by die plaaslike Presbiteriaanse Kerk is. Hy wil nie in die Afrikaanse Kerke optree nie, maar hou dienste in genoemde Kerk vir die Hollandssprekendes. Sy optrede is, om die minste daarvan te sê, baie vreemd en 'n mens wonder of hierdie saak nie die aandag van die regering moet geniet nie.

**(ii) Die Nederlandssprekende gemeente aan die Rand:**

Met die stigting van hierdie gemeente het ons Kerk 'n rigting ingeslaan waarop hy meen die Hollandse immigrante aan die Rand kerklik die beste bedien kan word. Dat daar tot op 'n sekere hoogte in 'n behoefte voorsien word, wil ons nie betwyfel nie. Daar is tog vrae wat 'n mens kwel, naamlik:

(a) Waar daar na skatting meer as 10,000 Hollandssprekendes in Johannesburg alleen is en slegs 225 lidmate aan hierdie gemeente behoort, is dit die maksimum wat hier kerklik ingeskakel kon word?

(b) Mag ons aanneem dat 'n wesenlik groter aantal Hollandssprekendes ondanks hierdie gemeente gewoonweg by die Afrikaanssprekende gemeentes ingeskakel het?

(c) Indien dit so is, word deur die bestaan van hierdie gemeente nie op 'n kunsmatige wyse 'n verlengstuk van die Kerk in Holland hier te lande in standgehou waardeur hierdie mense onnodig gedistansieer word van die volk en Kerk nie?

Wat die Hollandse immigrante in die ander streke van ons land betref, wil ons hier slegs die vraag stel of ons altyd met 'n oop gemoed hierdie mense by ons probeer inskakel? Staan ons nie al te maklik negatief-afwysend sonder dat ons hulle in hulle situasie hier wil verstaan nie?

(b) **Engelssprekendes en Anderstaliges:**

(i) **Engelssprekendes:**

Hoewel ons hier handel oor immigrante, wil ons hier ook ons Engelssprekende volksgenote onder die visier bring. Dan onderskei ons drie groepe: die wat burgers van die land is, die Engelssprekende Afrika-immigrante en eindelik die immigrante afkomstig van die Verenigde Koninkryk. Wat die Engelssprekende Afrika-immigrant veral en in 'n minder mate ons Engelssprekende volksgenote betref, moet ons dit as feit aanvaar dat die verwikkelinge in Sentraal Afrika 'n hele kenteringsproses onder hulle laat ontstaan het. Nou verbonde hieraan is die houding wat hulle eie kerke ingeneem het. As gevolg hiervan word hulle vervreem van hulle eie kerke. Die immigrant sit natuurlik met sy geweldige vooroordeel teen die Afrikaner en sy Kerk.

Onder die Engelssprekendes vind ons 'n redelik hoë persentasie buitekerklikes. Tot hiertoe het hulle weinig toegeneentheid teenoor die Afrikaanse Kerke openbaar, terwyl daar 'n aansienlike persentasie Afrikaanssprekendes aan die Engelse Kerke behoort. Engelssprekendes wat wel by ons Kerk lidmaat geword het, het dit hoofsaaklik as gevolg van ondertrouery gedoen. Dit gebeur egter maar selde aangesien in sulke gevalle die Afrikaanssprekendes as gevolg van die taalfaktor eerder na die Engelse Kerke oorgaan.

(ii) **Anderstaliges:**

'n Wesenlike struikelblok hier is die taalfaktor. Die toegang vir ons Kerk na hierdie mense is so goed as nul tot op daardie tyd dat die taalfaktor nie meer 'n struikelblok sal wees nie.

Ons Kerk het op hierdie vlak nog niks onderneem nie, maar veranderde omstandighede het vir die Afrikaanse Kerke 'n deur geopen. Die N.G. en Geref. Kerke het alreeds hierdie arbeidsveld betree en ons Kerk sal hom hieroor moet rekenskap gee.

**Opmerking:**

Wat die buitekerklike taakvervulling van ons Kerk betref, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat ons Kerk helaas nie veel bereik het nie.

3. **Oorsake van hierdie situasie:**

Uit die voorgaande het geblyk dat daar in die taakvervulling van die Kerk, binne- sowel as buitekerklik, heelwat tekortkomings aan te merk is. Nou wil ons kortliks probeer aantoon waar die grondoorsake hiervoor gesoek moet word.

A. **Ons Kerk het net na binne gewerk:**

Die toestand van verwarring na die kerkvereniging waaruit die Kerk hom moes losruk en organisatories moes rehabiliteer, is spoedig opgevolg deur die armoede en ellende van die tweede Vryheidsoorlog. Daar moes opgebou en gekonsolideer word en dit het al die aandag van die Kerk op eie erf geverg. Hierdie dinge verklaar baie, maar tog is daar geen regverdiging voor te vind dat toe toestande gunstiger geword het, hierdie houding gekontinueer is nie. Ons Kerk het hoofsaaklik 'n Kerk van die Pastoraat gebly. Die Apostolaat het in die vergetelheid geraak. Hierdie geestesgesteldheid van ons Kerk het hom ook gewreek daarin dat ondanks al ons pastorale sorg, die priesterskap van die gelowiges by ons lidmate verwaarloos is. Dat die Kerk apostel, getuie van Christus is, dat die Kerk in die krygsorde van Jesus Christus in opmars is die wêreld in sy nood tegemoet, het nie werklik en lewend ons deurdring nie en daarom het ons lidmate ook toeskouers geword wat half geïnteresseerd toegekyk het hoe die ampsdraers die spel op kerklike erf speel. Is dit miskien omdat die apostoliese visie by ons lidmate afwesig is, dat die eschatologiese motief in hulle geloofslewe so selde aanwesig is?

B. **Die negatiewe verdediging van ons eie posisie:**

In die toestand van verwarring en nood waarin ons Kerk hom gedurende die eerste dekades van hierdie eeu bevind het, moes hy hom ook voortdurend verweer teen hartelose aanvalle en hoon van buite. Daarby het gekom die metodistiese en later ook die humanisties-liberalistiese aanslae om die suiwerheid van sy protestantse geloofsbesit te verwater en te vervlak. Ons Kerk moes natuurlik sy goeie reg van bestaan en die suiwerheid van sy leer verdedig en beskerm. Ook vandag nog moet hy dit onverpoosd doen. Maar nou is dit so dat hierdie afgrensing teenoor die aanslae van buite ook sy skadelike nawerkinge gehad het en vandag nog het. Ons Kerk het hom gaan ommuur en in sy eie hoek teruggetrek. Ons het ons gaan afsluit in 'n negatiewe verdediging van ons eie posisie. Die

Kerk wou en wil eintlik tot vandag toe nie oop wees vir vrugbare beïnvloeding en positiewe, goedbedoelde kritiek nie. Dit het meegebring dat ons wat van buite niks wou hoor nie, ook na buite nie 'n woord wou spreek nie. Ons is kleinserig vir kritiek en ons is bang om te praat uit vrees dat ons aanstoot sal gee. So 'n houding moet noodwendig stagnasie in die hand werk. Omdat die Kerk deur die Woord van God aangespreek is, het hy 'n woord vir elke tyd en elke situasie waarin hy Kerk van die Here mag wees . Ons Kerk het van die wapenrusting van God, van die swaard van die Woord 'n skild gemaak waaragter ons negatief-reaksionêr skuilgegaan het terwyl ons juis in hierdie wêreld met hierdie wapenrusting aggressief-getuiend moes gestaan het.

C. **Interne woelinge :**

Deur die interne woelinge van die jongste dekade en veral van die laaste drie jaar is ons Kerk as't ware tot stilstand geruk. Tyd vir positiewe toewyding aan sy roeping in hierdie wêreld was daar haas nie. Hiermee wil ons hoegenaamd nie impliseer dat die stryd van die jongste jare onnodig en vrugteloos was nie. Die vraag bly egter : Is dit moontlik dat 'n Kerk wat positief in beweging is, hom so totaal tot stilstand kan laat bring ?

D. **Ons Kerk se teologiese besinning is uitsluitlik georiënteer op Europa:**

Die bande wat ons Kerk met die moederkerk in Holland kon behou was nog altyd vir ons verrykend en goed. Ons Kerk het oneindig veel te danke aan die vrugbare dienswerk van die Hollandse predikante, die meelewende bydrae van Hollandse immigrante wat hulle hier kom vestig het en veral aan die teologiese besinning van die Kerk in Holland in die besonder en van Europa in die algemeen. Maar is dit nie so dat ons Kerk oor al die jare bewus of onbewus die houding ingeneem het dat as Europa nie eers gespreek het nie, dan het ons eintlik nog niks te sê nie? Byna te lank het ons ons deur die Europese teologie laat lei om bloot net 'n weerklank daarvan in Afrika te wees. Hierdie sterk aanhanklikheid en verankerheid aan die teologiese besinning van Europa het ons Kerk die durf ontneem om selfstandig te besin en getuig oor ons roeping en taak in die unieke situasie van Afrika. Ons Kerk se teologiese denke het haas geen oorspronklike bydrae gelewer oor die situasie van Afrika nie behalwe tydens en na

Cottesloe nie. Toe vir die eerste keer is die stem van die Ned. Herv. Kerk van Afrika nie alleen hier te lande nie maar ook oorsee duidelik gehoor en ter harte geneem. Ongelukkig het dit sy effek tot 'n groot mate verloor as gevolg van die dinge wat daarna binne in die Kerk plaasgevind het. Dit staan egter vas dat ons Kerk 'n heel besondere taak in Afrika te verrig het en dat ons 'n oor het wat sal luister.

By die feit dat ons ons te veel op Europa georiënteer het, kom ook nog dat wat ons nog tot stand gebring het, gewoonlik in ons eie boesem bewaar is. Dit is verhinder om gemotiveerd na buite te spreek. Ons Kerk wou nog nooit 'n rasende ekshibisionis wees nie, maar 'n te beskeie Kerk word nooit gehoor, ernstig geneem en waardeer nie. Kan ons die buitewêreld altyd verkwalik as hulle ons misverstaan en veroordeel? Hulle was nie gewoond om na die stem van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika te luister nie.

E. **Die tekortkominge van ons Ampsbediening:**

Terwyl ons Kerk hom na binne gekeer het, het buite ons om die wêreld anders geword sonder dat ons hierdie verandering in erns opgemerk, in sy diepte probeer peil en in sy werklike nood probeer begryp het. Het ons ampsbedieninge in hierdie veranderde omstandighede beantwoord aan die opdrag om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die Liggaam van Christus? Hierop kan ons seker met alle beslistheid antwoord dat dit formeel aan alle vereistes voldoen het. Die prediking, die sakramentsbediening, die diens van die gebede, die kategetiese onderrig, die sielsorg, die barmhartigheidswerk en die opsig en tug het formeel altyd hulle voortgang gehad. Maar die groot nood van ons ampsbediening lê juis daarin dat dit tot 'n groot mate arm aan inhoud was en is. Hierin lê die grondoorsaak opgesluit dat die priesterskap van die gelowiges by ons lidmate so goed as dood is. As 'n mens die werklikheid van ons gemeentelike lewe in erns beskou, word jy soms gekwel deur die vraag of ons ampsbediening nie vinnig op pad is om niks anders as 'n hiërargiese sisteem te word nie.

Die prediking is by ons Kerk nog altyd in ere gehou maar spreek ons prediking die mense nog aan só dat hulle met die hele problematiek van hulle lewe te staan kom in die werklikheid van die verlossing in Jesus Christus? Veronderstel ons nie alte dikwels 'n sekere kennis by ons lidmate wat daar nie

is nie? Is ons prediking nie soms te abstrak nie? Spreek ons in die geloof asof God deur ons vermaan en soek ? Formeel word die sakramente gereeld en reg bedien. Daar is egter by ons lidmate 'n bedroewende gebrek aan die regte verstaan van die inhoud, betekenis en troos van die sakramente aanwesig. 'n Sterk Roomse tendens is deurgaans op te merk. Dit word veral bevestig deur die feit dat daar by ons lidmate 'n duidelike afdalende rangorde van Doop, Nagmaal, Prediking aan die lig tree.

Formeel het ons ook die sielsorg verrig veral aangesien die Kerkwet voorskrywe dat die predikant minstens eenmaal per jaar en die ouderlinge minstens voor elke Nagmaalsviering die lidmate by hulle huise moet besoek. Gesien teen die agtergrond van die kroniese tekort aan predikante en die besondere groot gemeentes, veral in die stede, het ons huisbesoek as sielsorg nooit tot sy reg gekom nie. Dit het ontaard tot 'n blote sosiale besoekie wat by die lidmate afgelê word sonder dat aan die eintlike pretensies van sielsorg gevolg gegee is. Staan ons sielsorg in die teken van die uitgaan met innerlike bewoënheid na die verdwaalde om hom weer terug te bring in die kudde? Hierby kom nog dat die kerkmense, daardie 99 wat in die kudde is, die herders so opeis dat hy nie tyd en geleentheid het om werklik aandag te gee aan die sorgbehoewendes nie.

Waar die sielsorg dan tog wel tot sy reg kom in die arbeid van die predikant, loop dit dikwels dood omdat daar nie toegespitse nasorg deur die ouderling gedoen word nie. Ons ouderlinge weet blykbaar nie meer dat hulle ook geestelike arbeiders is nie. Die regeringsamp kom dan eers tot sy reg wanneer die ouderling in die uitvoering van die opsig en tug gemeentelid tegemoet tree met die aanspraak : „So sê die Here !" Ons diakens moet ook gedurig in gedagte hou dat hulle nie bloot kollektante by uitnemendheid is nie, maar dat hulle 'n kerklike amp bedien.

Ten opsigte van die sielosrg wil ons nog hierdie vraag aan die orde bring: Het die sielsorg in ons Kerk hom nie tot 'n groot mate net gerig op die oues-van-dae en die siekes nie? Kom die byna 50% van ons lidmate, naamlik die jeug, in dieselfde mate onder die bemoeiende sorg van die Kerk? Dat ons vandag in ons Kerk met 'n geslag van ouers sit wat vir ons 'n groot verleentheid is, moet teruggevoer word na die feit dat ons Kerk hulle in hulle jeugjare verwaarloos het.

In ons Sondagskole word ons kinders om en by 6 jaar gewoonlik toevertrou in die sorg van die mees onervare en mins toegeruste leerkragte. In ons dagskole en veral in koshuise is duisende kinders wat gewoonweg losgelaat word in die metodistiese stroom van die C.S.V. Wat doen ons vir ons skoolgaande kinders? Sonder om nou verder hierop in te gaan, wil ons met alle erns dit beklemtoon dat ons Kerk grondig moet besin oor die geestelike versorging van ons kinders en jongmense.

Die Raad vir Jeugwerk het gedurende die jongste dekade veral voortreflike werk verrig in soverre as wat hy gedurig gepoog het om die jeug van ons Kerk te betrek in die lewe en werk van die Kerk. Desondanks sit ons nog met die probleem dat 'n klein persentasie van ons jongmense werklik geaktiveer is en dat die oorgrote meerderheid heeltemaal belangeloos staan ten opsigte van die verantwoordelikheid van hulle lidmaatskap van die Kerk. Dit wil voorkom asof die betrokke Raad ook nie juis 'n weg weet hoe die skoolgaande kinders gedurende die week geestelik versorg moet word nie.

Die werk onder die studente onder leiding van 'n studenteleraar werp ryke diwidende af, maar dit is duidelik dat dit alleen doeltreffend voortgesit kan word as die dienste van meer studente-leraars verkry kan word. Hierdie jongmense moet gevorm word om later in die gemeentes as doelgerigte en verantwoordelike jeugleiers op te tree.

**F. Ontoereikende Kategese :**

Dat die priesterskap van die gelowiges in ons Kerk nie tot sy reg kom nie, moet veral hieraan toegeskrywe word. In die Kerkwet word die doelstellings van die kategese as volg omskrywe : „. . . . om lede van die Kerk en hulle wat tot die Kerk wil toetree, voor te berei vir die openbare belydenis van die geloof, vir die deelname aan die heilige Sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelihkeid vir die opbou van die Godsryk . . . ." Hierdie omskrywing is nie volledig nie. Kategetiese onderrig in Bybelse sin gaan altyd uit van die daad van God in Jesus Christus. Hierdie barmhartige bemoeienis van God word aan die mens verseël deur die doop. Kragtens sy doop bevind die gedoopte hom in die Kerk en vanuit die dankbare wete dat hy deur die barmhartigheid van God in Jesus Christus, ondanks homself opgeneem is in die verbondsvolk van God, gaan die gedoopte nou by die

openbare belydenis van die geloof „ja" sê op die „ja" van God wat in die doop tot hom gespreek is. Vanuit die gebeure van die doop moet die gedoopte nou in die kategetiese onderrig geleer word om sy doop so te verstaan dat hy sy medeverantwoordelikheid as lidmaat van die Kerk blymoedig-dankbaar sal aanvaar. Die primêre doelstelling van kategese moet dus wees om die katkisant sy doop te leer verstaan.

Dat hierdie bepaalde doelstelling in die omskrywing ontbreek is simptomaties van 'n spesifieke tekortkoming in ons kategesiese onderrig. By ons Kerk was kategetiese onderrig hoofsaaklik beperk tot die bybring van kennis sodat die katkisant belydenis van geloof kan aflê en toegang kan verkry tot die heilige Nagmaal. Kategetiese onderrig was dus hoofsaaklik voorsorg met die oog op toelating tot die Nagmaal. Dit moet dit beslis ook wees maar primêr moet dit niks anders wees as nasorgwerk op die gebeure van die doop nie. In die lig hiervan sal die groot versuim van ons doopouers in die nakoming van hulle doopsbelofte in die regte lig gesien word. Ons kategetiese onderrig loop so dikwels mis omdat ons in die kerklike kategese moet voortbou op 'n lugleegte, op 'n totale gebrek aan kennis van die Bybel. Daardie lugleegte het ontstaan omdat die doopouers hulle belofte nie nakom nie. Bybellees, gebed en samesang maak van huisuit nie meer deel uit van sy toerusting nie en dit wat in die kerklike onderrig hom bygebring word, bly iets aangeplaks wat hy so gou weer afskud nadat hy belydenis van geloof gedoen het.

Ons Kerk sal die feit net in die oë moet sien dat ons kinders op 'n te jonge leeftyd tot die belydeniskategese toegelaat word. Dit is wel mooi om op grond van allerlei praktiese oorwegings toegewings te maak, maar dit werp vir die Kerk net wrange vrugte af. Die tyd en plek van ons katkisasieklasse ry ook so dikwels die pretensies van ons kategetiese onderrig in die wiele. Alle kategetiese onderrig moet in die laaste instansie gerig wees op en uitmond in die erediens. Om katkisasie net voor of net na die erediens te hou, bring mee dat die katkisante haas nooit die eredienste bywoon nie. Al die jare het ons kerkrade gelate hierdie verskynsel gadegeslaan dat die gedagte by ons jong lidmate posvat dat hulle lidmate van die Kerk kan wees sonder om erns te maak met die bywoning van die eredienste.

In ons Kerk is daar 'n wesenlike behoefte aan voortge-

sette kategese na die aflegging van die geloofsbelydenis. Gedurende die jongste jare het ons Kerk hierdie weg opgegaan deur doops- en huwelikskategese te hou. Ongelukkig het ons ten opsigte hiervan ook daardie verskynsel dat so baie dinge wat deur die Kerk besluit en aangewend word om ons lidmate in die dienswerk van God beter toe te rus, deur predikante en kerkrade in die wiele gery word. Kerkrade besluit somaar op hulle eie dat soiets soos doopkategese hy hulle nie gehou sal word nie sonder dat hulle in volle erns vir hulle rekenskap gee oor die bedoelings daarvan nie. Hierdie voortgesette kategese sal ook wyer gespan moet word. Ons dink hier aan:

(1) kerkraadskategese waar veral die nuutverkose broeders duidelik onderrig sal ontvang oor die inhoud en pretensies van hulle amp en

(2) kategese vir die lidmate in die vorm van gemeentelike en/of wyksbyeenkomste verkieslik na huisbesoek in die betrokke wyk.

## G. Die Priesterskap van die Gelowiges:

Die droewige verskynsel wat by ons Kerk inslag gevind het, is die feit dat ons lidmate so passief en onaktief is in die lewe en dienswerk van die Kerk. Ons lidmate sal net tot die besef gebring word dat hulle kragtens hulle doop en belydenis Gemeente van die Here moet wees. Hierdie Gemeente is die Liggaam van die Here wat in opdrag van die Hoof van die Kerk in opmars is die wêreld in sy ongeloof en nood tegemoet. Die Kerk moet steeds in beweging wees met 'n bepaalde doel, naamlik om hulle wat buite staan, in te trek. Dit beteken dat elke lidmaat hierby betrokke moet wees. Geen lid van 'n lewende liggaam kan hom afsny van die liggaam en nog wil lewe nie. Alleen 'n kunsledemaat is 'n dooie ding. Sy aanwesigheid kan tot op 'n sekere hoogte praktiese nut hê, maar in die laaste instansie is sy aan- of afwesigheid slegs teken van die verminking van die liggaam. So staan ons Kerk ook vermink voor God en ook voor die wêreld as gevolg van die feit dat so baie van ons lidmate niks anders is as kunsledemate nie, Hulle wil net aangeskroef wees aan die liggaam wanneer hulle kinders gedoop of in die huwelik bevestig moet word. As lewende en verbonde lid wat saam met die Liggaam dienend op weg is tot lof van God, wil hy nie wees nie. Hoogstens wil hy sy „bydrae" gee waardeur hy vir hom die reg toeëien om aangeskroef te word wanneer dit hom pas.

H. **Die Resultate van ons Kerk se Studiewerk bereik nie die Lidmate nie.**

In ons Kerk word 'n reuse hoeveelheid studiewerk verrig wat by wyse van rapporte, referate en memoranda voorgelê word. Maar die vrugte van hierdie denkarbeid bereik baie selde ons lidmate in die vorm van voorligtingstukke wat hulle ten goede kan vorm en toerus in die diens van God nie. Ons Kerk sal net 'n kanaal moet vind waardeur hierdie studiewerk in verwerkte en teologiesverantwoorde vorm ons lidmate sal bereik. Daarmee gepaardgaande sal ons lidmate opgevoed moet word om meer te lees.

## 4. DIE TAAK VAN DIE KERK :

Die gekruisigde en opgestane Here het vir Hom 'n volk, 'n gemeente vrygekoop uit die diensbaarheid van die sonde om vry te wees vir en in die diens van God. Maar hierdie gemeente is nie bedoel om hom na binne te isoleer en te koester in die seën van die weldade van God wat hom ten deel geval het nie. Die verlossende liefde van God in Jesus Christus het die hele wêreld in die oog sodat „elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader". Daarom stuur Christus Sy gemeente met Sy opdrag in Matt. 28 ook uit om hierdie Evangelie uit te dra na almal wat nog in die duisternis wandel. Die Kerk het 'n roeping en taak na buite. Dit is die enigste bestaansreg van die Kerk op aarde dat hy getuie van Christus mag en moet wees. Dit is sy groot verantwoordelikheid en sy dure plig.

In die bepaling vir die Apostolaat (Kerkwet: Hoofstuk IV, Artikels 1, 2 en 3, bladsy 27) is die Kerk hom ook bewus van hierdie verantwoordelikheid „teenoor owerheid en volk en alle volke en mense wat vreemd staan teenoor die Evangelie van Jesus Christus" en daarom ag hy dit ook as sy dure plig om die Evangelie te bring aan alle buitekerklikes, die volk van Israel en alle ander nie-Christelike volke. Hieruit is dit duidelik dat elke lewensterrein van die mens onder die lig van die Evangelie gebring word.

Hoe die Kerk die uitvoering van hierdie taak vir hom voorsien, word nou verder omskrywe:

A. Deur sy amptelike kanale sal die Kerk spreek tot die owerheid en volk deur middel van prediking, herderlike skrywes en direkte vertoë.

B. Die gemeente sowel as **elke lidmaat in die besonder** moet in eie omgewing hierdie roeping vervul. Dit impliseer dat die lidmate in die priesterskap van die gelowiges altyd in die frontlinie

van die Apostoliese taakvervulling moet staan. Die onkerklikes moet veral in die eerste plek benader en bereik word sonder die amptelikheid van die Kerk. Ons moet hulle tegemoettree as mens teenoor mens en vir hulle niks en niemand anders aanbied as Christus alleen nie.

C. Die ampsbedieninge van die Kerk moet altyd hierdie apostoliese visie hê waar die gemeente toegerus word vir die dienswerk van God. Ten opsigte van die onkerklikes, wanneer ons hulle as ampsdraers van die kerk wil bereik, sal ons ons moet ontdoen van alle amptelikheid en hulle slegs tegemoet tree as getuies van Christus.

D. Die inisiatief vir hierdie werk moet uitgaan van die Kerkraad wat as bystand 'n kommissie saamstel bestaande uit kerkraadslede en gemeentelede.

Ons Kerk is dus duidelik bewus van hierdie taak en het ook 'n weg aangewys waarlangs hierdie taak verrig moet word, maar in alle eerlikheid moet ons erken dat dit by ons in hoofsaak 'n dooie letter gebly het. Bewys daarvoor spreek uit die feite dat die verskynsels van onkerklikheid en kerklike vervreemding al groter afmetings aangeneem het.

## 5. ONS TAAK VORENTOE:

Ons het probeer aantoon waar en hoe ons Kerk in sy roeping en taak gefaal het en watter faktore meegewerk het tot hierdie tekortkominge. Hierdie mag en wil ons nie volstaan nie. Ons Kerk het 'n roeping en taak te vervul en ter uitvoering daarvan sal ons die volgende onder die oë moet sien:

### A. Reoriëntering in Eie Boesem :

Ons Kerk sal hom in al sy geledinge moet ontworstel aan sy na binnegekeerdheid en negatiewe passiwiteit. So 'n gesteldheid is in stryd met die wese van 'n Kerk wat lewe uit die sekerhede en beloftes van Gods Woord. Die periode van opbou en konsolidasie is tog eintlik verby. Ons Kerk mag Kerk wees in die besondere situasie van Afrika. Dit bring 'n groot verantwoordelikheid mee maar dit is inderdaad iets om voor dankbaar te wees want dit bied aan ons die geleentheid om ons Bybels-reformatoriese belydenis duidelik en helder te laat spreek. Dit wil tog soms voorkom of ons nie 'n duidelike beeld het van hierdie situasie nie en daarom is dit nodig dat 'n deeglike studie hiervan gemaak word. Ons Kerk se teologiese taak is hier onmiskenbaar duidelik maar om dit te vervul moet ons arbeidsveld en die magte en kragte wat ons konfronteer,

onderken word. 'n Studiekommissie met hierdie spesifieke opdrag is dus nodig.

Die proses om ons te ontworstel aan ons na binnegekeerdheid moet heel onder begin. Ons lidmate en gemeentes sal hulle gemeentesentrisiteit moet afwen en die Kerk in sy breëre verband sien. Ons mense leef en dink nie verder as die grense van hulle eie gemeenskap nie en het daarom ook nie die bereidheid om tewille van die Kerk in die algemeen offers te bring nie. Hierby kom ook dat daardie droewige verskynsel dat wat die Kerk onder die besef van sy roeping en taak positief onderneem, deur kerkrade en gemeentes verydel word, net aan bande gelê moet word. 'n Liggaam kan nie vrugbaar werksaam wees nie, inteendeel hy word tot die dood toe vermoei, wanneer elkeen van die lede van daardie liggaam eiesinnig sy koers wil gaan of nie gaan nie. Ons Ringsvergaderinge sal hulle opsig in hierdie rigting moet verskerp.

B. **Die werklikheid van die buitekerklike besef:**

Ons oë sal net moet oopgaan vir die gestalte van wit heidendom in die midde van ons volk en die onrusbarende verskynsel van onkerksheid en onaktiwiteit by ons lidmate. Wat buitekerklikheid in al sy fasette betref sal ons tot die besef moet kom dat ons in die veranderde omstandighede nie meer net met ons ou beproefde metodes kan voortgaan nie.

In hierdie tegniese en nywerheidsomwenteling wat ons land ondergaan het, het ons mense, veral in die stede, vereensaam en met hul kwelvrae staan hulle reddeloos en herderloos in 'n koue, onsimpatieke wêreld. Hulle kom nie meer na die Kerk toe nie omdat die Kerk hulle taal nie verstaan nie en hulle die taal van die Kerk nie verstaan nie. Ons sal na hulle moet uitgaan, sien en luister en verstaan. Ons moet eers gaan sien. Dan sal ons die onomstootlike feit raaksien dat die moderne mens in hierdie gejaagde wêreld van arbeid wat hy elke môre moet betree, ver van God en die troos van Sy Woord is omdat die Kerk nog net met innerlike bewoënheid wil staan teenoor die wat op kerklike erf ontmoet word en hom eintlik gedistansieer het van hulle wat in totaal nuwe lewensverbande te staan gekom het.

Ons sal ook moet uitgaan en luister. Die gejaagdheid van die lewens- en arbeidstempo het die mens beroof van die moontlikheid om met kalmte en rus te luister en verstaan. Die begrip „gemeenskap" het soek geraak. Ons maatskappy het

uiteengeval in voortgedrewe en vereensaamde indiwidue. Die vervulling van een van die diepste verlangens van die moderne mens is daarom iemand wat met begrip na hom wil luister. Eers wanneer ons die volle omvang van die nood van ons mense reg verstaan, kan ons die blye boodskap van die verlossing in Jesus Christus klaar en helder vir hulle in hulle bepaalde situasies bring.

Waar die Kerk vroeër in sy ampsbedienigne die gesin in onverbrokkelde verband met hulle persoonlike en gemeenskaplike probleme kon leer ken en dienooreenkomstig met raad en troos kon bystaan, daar het die huidige veranderde omstandighede die huis gemaak tot 'n blote eet- en slaapplek met die gesinslede en hulle probleme verstrooid buite die gesigsveld van die Kerk en sy verkondiging. Die huisbesoek as sielsorg verloor sy trefkrag heeltemaal.

Dit beteken nou dat die metode van sielsorg veral in die stede ingrypend hersien moet word. Dit is egter 'n saak van so 'n wye omvang en met soveel voetangels dat 'n grondige studie van die hele aangeleentheid gemaak moet word voordat ons tot drastiese besluite kan oorgaan. Want hiermee hang saam die kwessie van kleiner gemeentes, veel meer predikante in spesiale diens, 'n groter offerbereidheid by ons lidmate, ens.

Wat die eintlike buitekerklikheid betref, wil ons die beklemtoon dat hier veral die priesterskap van die gleowiges by ons lidmate tot sy volle reg moet kom. Sodra die Kerk hierdie mense amptelik tegemoet gaan tree, sluit hulle toe en word hulle onbereikbaar. Dit is in die eerste plek die gelowige lidmate wat hulle tegemoet moet tree, hulle vertroue wen en geleidelik die Evangelie laat deurklink in hierdie gesprek. Eers daarna kan die moontlikheid van kerklike onderrig met die oog op openbare belydenis van die geloof ter sprake kom. As ampsdraers sal ons, wanneer ons hierdie mense wil benader, die moed moet hê om ons heeltemaal te ontdoen van ons amptelike waardigheid en met hulle as blote mense op hulle vlak in gesprek te gaan tree. Dit is vir ons Kerk eintlik 'n hele nuwe veld wat ons wil betree en daarom is studie en voorligting baie noodsaaklik.

C. **Die Immigranteprobleem :**

Al groter getalle immigrante kom ons land binne en hierdie mense moet ten enemale in volks- en kerkverband opgeneem word. Veral hulle kinders moet tuisgebring word omdat hulle

saam met ons kinders die toekomstaak van beide Kerk en volk moet verrig. Nou het dit uit voorgaande geblyk dat ons Kerk op hierdie terrein nie veel vermag het nie. Ons sal opnuut weer moet gaan besin oor die hele aangeleentheid.

Wat die Hollanders betref voorsien ons 'n Raad of kommissie waarop veral ook Hollandssprekendes sitting sal hê, wat die hele saak sal bestudeer en die Kerk sal voorlig maar wat ook deur voorligtingstukke wat in Holland versprei sal word, die standpunt van ons Kerk en volk positief en duidelik sal stel.

Wat die Engelstaliges betref, is daar vir ons Kerk, indien ons hierdie arbeidsveld wil betree, verskillende moontlikhede. (Dat die N.G. Kerk en die Geref. Kerk hierdie veld alreeds betree het, bewys dat daar vir ons 'n ope deur in hierdie rigting is).

(a) Ons kan uitgaan van die standpunt dat ons aparte Engelssprekende gemeentes beoog soortgelyk aan Franssprekende gemeentes in die Nederlands Hervormde Kerk. 'n Begin sal dan gemaak word deur 'n predikant in spesiale diens te beroep met so 'n opdrag. Amspdraers sal uit hulle geledere gekies word en hulle kinders sal opgelei moet word as predikante.

(b) Ons kan periodiek dienste vir Engelssprekendes in ons kerke of in ander lokale hou sodat ons met hulle kan kontak maak en hulle verder deur middel van die organe van ons dienswerk by ons gemeentes inskakel. Kategetiese onderrig sal dan deur medium Engels aan hulle kinders gegee moet word.

(c) As bogenoemde moontlikhede nie aanneemlik is nie, dan bly daar vir ons kerk net een weg oop, naamlik om met die bestaande Engelse Kerke in gesprek te tree oor die vervreemding van hulle lidmate .

Na oorweging lyk die eerste moontlikheid vir ons die aanneemlikste.

D. **Roomskatolieke invloed :**

Oorgang van ons lidmate na die Roomskatolieke Kerk vind prakties nie plaas nie, maar hierdie kerk word voortdurend versterk deur 'n stroom van immigrante. Tog mag ons ons oë nie sluit vir die feit dat daar 'n groeiende invloed van die kant van die Roomskatolieke Kerk merkbaar word nie. Die ver-

skynsel doen hom egter voor dat hulle hul toespits op die buitekerklikes. Op hierdie wyse vind baie Afrikaanssprekendes weer hulle kerklike tuiste in die Roomskatolieke Kerk. Dit beklemtoon net weer die belangrikheid van grondige kategetiese onderrig. Ons katkisante moet toegerus word met die nodige kennis van die Roomskatolieke Kerk en sy leer. Veral moet hulle ook bewus gemaak word van hoe en waar die Roomse tendense by ons ingang vind en wortel skiet.

In die praktyk moet ons veral met betrekking tot „huisnagmale" en „huisdoop" daarteen waak dat ons nie dwaalleringe verkondig omdat ons nie lidmate se gevoelens wil seermaak deur dit te weier nie. Hierdie praktyke moet liewer heeltemaal afgeskaf word.

Ondanks baie praktiese probleme moet ons tog probeer om op Hervormingsdag gesamentlike byeenkomste te reël, sonder dat die plaaslike eredienste daardeur verdring word. Ons maak nie altyd die nodige erns met hierdie groot gebeurtenis in die geskiedenis van die Kerk nie.

Dit is uiters noodsaaklik dat veral ons kerkraadslede en lidmate meer voorligting ontvang omtrent die Roomse leer. Baie meer lektuur moet tot hulle beskikking gestel word. Tot dusver het ons Kerk hier nog maar baie min gedoen.

E. **Die Sektewese:**

Te lank het ons Kerk teenoor hierdie verskynsel ietwat onverskillig gestaan. Die geweldige groeitempo van die sektewese verplig ons om in die Apostolaat hiermee erns te maak. Dit verbaas 'n mens dat die Kerk nog nie op hierdie terrein 'n orgaan van bystand in die lewe geroep het nie. Dit is waar dat dit val op die terrein van die Raad vir Arbied onder die Buitekerklikes maar daardie terrein is so wyd en so onontgin dat hierdie net so wye terrein apart en intensiewe aandag moet geniet.

Nogeens kom ons by die kategese van ons Kerk. Grondige kategiese onderrig wat meerbring 'n beter toerusting van ons lidmate, is miskien die beste antwoord wat die Kerk teen hierdie bedreiging het. Maar ook ons pastorale sorg sal moet verskerp word, nie net om ons eie lidmate weerbaar te maak teen sektariese aanslae nie maar boweal om hulle te aktiveer om die verdwaaldes weer terug te bring in die boesem van die Kerk. Veral moet gewaak word teen die gevare van vervlakking en verwatering wat deur die metodisme en die „Social

Gospel"- dissipels teweeg gebring word.

Ons Kerk het 'n rekening te vereffen en ons moet ons tot hierdie arbeid gord. Die Raad wat ons in gedagte het kan hierin 'n belangrike rol speel deur middel van publikasies waarin die verskillende sektes se dwalinge ontbloot en bestry word in die lig van Gods Woord en ons Kerk se belydenis.

F. **Israel.**

Die Jode is nog altyd gesien en geken as goeie en vernuftige leweransiers van bestaanmiddele maar nog nooit as voorwerpe vir die Apostolaat van die Kerk nie. Ons merk dat die Raad vir die Arbeid onder Israel in sy rapport die vrugte van sy bestudering van hierdie aangeleentheid ter tafel lê. Ons vertrou dat hierdie studie vir ons Kerk die nodige riglyne sal verskaf sodat ons taak in hierdie rigting ook sy voortgang kan hê.

## 6. SLOTOPMERKING :

Van ons Kerk geld stellig ook wat in Openb. 2 : en 3 staan : „En ken jou werke en jou arbeid en jou geduld, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en uitgevind het dat hulle leuenaars is; en dat jy verdra het en geduld besit, en terwille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie". Maar soos die gemeente van Efese word ons Kerk ook in hierdie tyd en omstandighede wat ons beleef, gekonfronteer met die Woord van die Here : „Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het".

„As daar een ding is wat dringend hoofsaaklik is vir die Kerk vandag, is dit dat ons ontwaak tot die besef en erkenning dat ons lidmaatskap van die Kerk nie beteken 'n rustige lewe agter veilige skanse nie, maar dat ons geroep word om krygskneg van Jesus Christus te wees en in volle verantwoordelikheid te staan in die branding van die storm".

Ds. J. D. H. Smit.
Dr. P. J. T. Koekemoer.
Ds. C. S. van Niekerk.

TABEL 1.

**Groei van verskillende Kerke en godsdienstige groepe van 1946 tot 1960 volgens Staatsopgawes.**

| Kerk of Godsdiens | 1946 | 1951 | 1960 | Groei | % Groei |
|---|---|---|---|---|---|
| Ned. Geref. ... ... ... | 1,074,962 | 1,107,482 | 1,326,344 | 251,382 | 23.4 |
| Gereformeerde ... ... | 75,777 | 112,233 | 101,470 | 25,693 | 33.9 |
| Ned. Hervormd ... | 126,974 | 182,988 | 190,342 | 63,368 | 49.9 |
| Afrikaanse ... ... ... | 374,625 | 416,472 | 389,859 | 15,234 | 4.1 |
| Presbiteriaanse ... ... | 94,820 | 100,,739 | 110,873 | 16,053 | 16.9 |
| Metodiste ... ... ... ... | 181,008 | 219,021 | 269.021 | 88,817 | 49.1 |
| Kongregationaliste | 12,677 | 13,915 | 16,656 | 3,979 | 31.4 |
| Lutherse ... ... ... ... | 22,669 | 26,262 | 33,631 | 10,962 | 48.4 |
| Rooms-Katolieke ... | 117,890 | 141,330 | 192,799 | 74,909 | 63.5 |
| Apostoliese Gen. ... | 58,719 | 76,940 | 107,700 | 48,981 | 83.4 |
| Ander Chr. Sektes | 52,768 | 49,771 | 166,066 | 113,298 | 216.1 |
| Joodse Godsdiens | 104,156 | 108,497 | 116,066 | 11,910 | 11.4 |
| Ander en ongespesifiseerd ... ... ... | 28,017 | 29,601 | 66,829 | 38,812 | 138.5 |

TABEL 2.

## BEREKENDE GROEI VAN LEDETAL (SIELETAL) VAN 1946 tot 1960.

As volg bereken: Ledetal aan begin van die jaar plus aantal gedoop plus en minus die wins-verlies van die getal oorgekom plus berekende getal van hul kinders (1.6 kind per lidmaat) min die getal sterfgevalle (Staatberekening : 9 per 1000).

| Jaar | Ledetal aan begin van jaar | | Aantal Gedoop | | Wins of Verlies oorgekom | | Berekende aantal kinders | | Berekende sterfte | | Totaal aan einde van jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1946 | 100,782 | + | 3744 | + | 960 | + | 1536 | — | 963 | = | 106,059 |
| 1947 | 106,059 | + | 4040 | + | 775 | + | 1240 | — | 1008 | = | 111,106 |
| 1948 | 111,106 | + | 4074 | + | 1008 | + | 1613 | — | 1062 | = | 116,729 |
| 1949 | 116,729 | + | 4299 | + | 566 | + | 905 | — | 1080 | = | 118,457 |
| 1950 | 118,457 | + | 4487 | + | 558 | + | 892 | — | 1116 | = | 123,278 |
| 1951 | 123,278 | + | 4582 | + | 670 | + | 1072 | — | 1161 | = | 128,441 |
| 1952 | 128,441 | + | 4940 | + | 1047 | + | 1675 | — | 1224 | = | 134,879 |
| 1953 | 134,879 | + | 4638 | + | 145 | + | 232 | — | 1260 | = | 138,634 |
| 1954 | 138,634 | + | 5081 | + | 1106 | + | 1769 | — | 1314 | = | 145,276 |
| 1955 | 145,276 | + | 4943 | + | 975 | + | 1560 | — | 1377 | = | 151,377 |
| 1956 | 151,377 | + | 5196 | + | 551 | + | 881 | — | 1422 | = | 156,583 |
| 1957 | 156,583 | + | 5289 | + | 1540 | + | 2464 | — | 1494 | = | 164,382 |
| 1958 | 164,382 | + | 5223 | + | 703 | + | 1125 | — | 1539 | = | 169,894 |
| 1959 | 169,894 | + | 5744 | + | 108 | + | 170 | — | 1584 | = | 174,332 |
| 1960 | 174,332 | + | 5780 | + | 340 | + | 544 | — | 1629 | = | 179,367 |

BEREKENDE GROEI :-

179,367 — 100,782 = 78,585 lidmate.

TABEL 3.

## BEREKENDE GROEI VAN BELYDENDE LIDMATE

1946 tot 1960.

As volg bereken: Ledetal aan begin van jaar plus aantal aangeneem plus-minus wins-verlies oorgekom — aantal sterftes (Staatsberekening: 9 per 1000).

| Jaar | Belydende lidmate aan begin van jaar | Aantal Aaange- | neem Wins of Verlies oorgekom | Ledetal aan einde van jaar | Berekende sterfte | Werklike lidmatetal aan einde van jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1946 | 54,639 | + 2580 | + 960 | = 58,179 | — 524 | = 57,655 |
| 1947 | 57,655 | + 2964 | + 775 | = 61,394 | — 549 | = 60,845 |
| 1948 | 60,845 | + 2893 | + 1008 | = 64,745 | — 585 | = 64,161 |
| 1949 | 64,161 | + 2917 | + 566 | = 66,512 | — 625 | = 68,904 |
| 1950 | 65,914 | + 3057 | + 558 | = 69,529 | — 625 | = 68,904 |
| 1951 | 68,904 | + 3412 | + 670 | = 72,986 | — 657 | = 72,329 |
| 1952 | 72,329 | + 3320 | + 1047 | = 76,696 | — 688 | = 76,008 |
| 1953 | 76,008 | + 3684 | + 145 | = 79,837 | — 720 | = 79,117 |
| 1954 | 79,117 | + 3891 | + 1106 | = 84,114 | — 756 | = 83,356 |
| 1955 | 83,358 | + 3543 | + 975 | = 87,876 | — 792 | = 87,084 |
| 1956 | 87,084 | + 3960 | + 551 | = 91,595 | — 823 | = 90,772 |
| 1957 | 90,772 | + 3987 | + 1540 | = 96,299 | — 864 | = 95,435 |
| 1958 | 95,435 | + 4215 | + 703 | = 100,353 | — 900 | = 99,453 |
| 1959 | 99,453 | + 4112 | + 108 | = 103,673 | — 931 | = 102,742 |
| 1960 | 102,742 | + 4285 | + 340 | = 107,367 | — 963 | = 106,404 |

BEREKENDE GROEI :

106,404 — 54,639 = 51,765 belydende lidmate.

**TABEL 4.**

## OUDERDOMSGROEPERING VIR 1960

| Kerk of Godsdiens | Totaal | 0 tot 9 | 10 tot 19 | 20 tot 29 | 30 tot 35 | 40 tot 49 | 50 tot 59 | 60 tot 69 | 70 + | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N. G. ... ... ... ... ... ... ... | 1325344 | 310814 | 264374 | 197906 | 172972 | 146947 | 112766 | 69757 | 49571 | 237 |
| Geref. ... ... ... ... ... ... | 101470 | 24470 | 20549 | 15439 | 12951 | 11498 | 8536 | 4639 | 3293 | 50 |
| Ned. Herv. ... ... ... ... | 190342 | 49903 | 40245 | 29460 | 23091 | 21150 | 14174 | 6736 | 5562 | 21 |
| Anglikaanse ... ... ... ... | 389859 | 66509 | 67378 | 47699 | 49702 | 54442 | 47303 | 31187 | 25539 | 100 |
| Presbiteriaanse ... ... . | 110873 | 18153 | 17616 | 13066 | 13937 | 16440 | 14902 | 8869 | 7880 | 10 |
| Kongregas. ... ... ... ... | 16656 | 3548 | 2643 | 2255 | 2186 | 2116 | 1736 | 1282 | 890 | — |
| Metodiste ... ... ... ... ... | 269825 | 58217 | 51675 | 38119 | 36970 | 33997 | 26251 | 14698 | 9838 | 60 |
| Lutherse ... ... ... ... ... | 33631 | 5798 | 4925 | 5310 | 4680 | 439 | 3776 | 2693 | 2048 | 10 |
| Roomskat. ... ... ... ... ... | 192799 | 44814 | 35558 | 28872 | 27897 | 23367 | 17512 | 8487 | 6212 | 80 |
| Apos. Gen. ... ... ... ... | 107700 | 31275 | 24147 | 16141 | 13269 | 10263 | 7049 | 3321 | 2215 | 20 |
| Ander Chr. Sekt. ... | 166098 | 39994 | 32807 | 23197 | 21246 | 19672 | 14227 | 8418 | 6450 | 87 |
| Joodse Godsdiens ... | 116066 | 20105 | 20117 | 12092 | 14607 | 16875 | 17003 | 9783 | 5454 | 30 |
| Ander en Ongespes. | 66829 | 11617 | 9415 | 10736 | 11662 | 10705 | 6657 | 3582 | 2348 | 107 |
| Totaal Blankes | 3088492 | 685217 | 551494 | 440292 | 406170 | 371863 | 291892 | 173452 | 128300 | 812 |

## PERSENTASIE VAN TOTAAL

| Kerk of Godsdiens | Totaal | 0 tot 90 | 10 tot 19 | 20 tot 29 | 30 tot 39 | 40 tot 49 | 50 tot 59 | 60 tot 69 | 70 + | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N. G. ... ... ... ... ... ... ... | 100.0 | 23.4 | 20.0 | 14.9 | 13.1 | 11.1 | 8.5 | 5.3 | 3.7 | – |
| Geref. ... ... ... ... ... ... | 100.00 | 24.1 | 20.3 | 15.2 | 12.8 | 11.3 | 8.4 | 4.6 | 3.2 | .1 |
| Ned. Herv. ... ... ... ... | 100.0 | 26.2 | 21.2 | 15.5 | 12.1 | 11.1 | 7.5 | 3.5 | 2.9 | – |
| Anglikaanse ... ... ... ... | 100.0 | 17.1 | 17.3 | 12.2 | 12.7 | 14.0 | 12.1 | 8.0 | 6.6 | – |
| Presbiteriaanse ... ... ... | 100.0 | 16.4 | 15.9 | 11.8 | 12.6 | 14.8 | 13.4 | 8.0 | 7.1 | – |
| Kongregas. ... ... ... ... | 100.0 | 21.3 | 15.9 | 13.5 | 13.1 | 12.7 | 10.4 | 7.7 | 5.4 | – |
| Metodiste ... ... ... ... ... | 100.0 | 21.6 | 19.2 | 14.1 | 13.7 | 12.6 | 9.7 | 5.5 | 3.6 | – |
| Lutherse ... ... ... ... ... | 100.0 | 17.2 | 14.7 | 15.8 | 13 9 | 13.1 | 11.2 | 8.0 | 6.1 | – |
| Roomskat. ... ... ... ... ... | 100.0 | 23.2 | 18.4 | 10.0 | 14.5 | 12.1 | 9.1 | 4.4 | 3.2 | .1 |
| Apos. Gen. ... ... ... ... | 100.0 | 29.0 | 22.4 | 15.0 | 12.3 | 9.5 | 6.6 | 3.1 | 2.1 | – |
| Ander Chr. Sekt. ... | 100.0 | 24.1 | 19.8 | 14.0 | 12.7 | 11.8 | 8.6 | 5.1 | 3.8 | .1 |
| Joodse Godsdiens ... | 100.0 | 17.3 | 17.3 | 10.4 | 12.6 | 14.6 | 14.7 | 8.4 | 4.7 | – |
| Ander en Ongespes. | 100.0 | 17.4 | 14.1 | 16.1 | 17.5 | 16.0 | 10.0 | 5.4 | 3.5 | – |
| Totaal Blankes | 100.0 | 22.2 | 19.2 | 14.3 | 13.2 | 12.0 | 9.4 | 5.6 | 4.1 | – |